PLATINUM Weekblad/Weekly



SPORT

# SPORT Super Rugby 2020 Week 4

**Crusaders vs Highlanders**
Die Saders was net eenvoudig te goed op die dag en klop die Highlanders 33-13 in Christchurch. Die besoekers is deur dodelike verdediging telkemale gestuit en die Saders het uit omgekeerde besit floreer. Die Saders het in week vyf 'n loslootjie. Die Highlanders speel teen die rebels in Dunedin.

**Rebels vs Haaie**
In Melbourne behaal die Haaie hulle tweede oorwinning op hulle toer na doer onder en klop die Rebels 36-24. André Esterhuizen, wat terloops 'n puik *game* gehad het, het 'n dag wat hy lank sal onthou. Dit was die fris senter se eerste *game* as *cappie* en het van voor af gelei **ou grote**. Die Haaie sal egter baie hard moet werk aan hulle dissipline en moes op 'n stadium met 13 manne speel na twee geelkaarte. Teen die groot honde gaan dit hulle in die stertvin byt maat.
Die Haaie speel volgende teen die Reds in Brisbane. Die Rebels reis Dunedin toe om teen die Highlanders te gaan uitdraf.

**Chiefs vs Brumbies**
Die Brumbies sorg vir die eerste groot skok van die seisoen en klop die onoorwonne Chiefs op hulle tuisveld in Hamilton. Die Chiefs was van die begin van die *game* onder druk en loop met rustyd alreeds 0-19 agter. Die Brumbies het die tweede helfde goed verdedig en wen 26-12.
Beide die Chiefs en die Brumbies het in week vyf 'n loslootjie.

**Reds vs Sunwolwes**
Die Reds speel kookwater ruggas en hardloop die Japanese Wolwe van hulle pote af en wen 64-5. Met hierdie oorwinning is die Reds nou tweede in die Aussie konferensie.
Die Reds speel volgende teen die Haaie in Brisbane met die Wolwe wat teen die Brumbies in Osaka hulle naam in ere sal wil herstel maar volgens spekulasie sal die wedstryd geskuif word na 'n neutrale staduim buite Japan weens bekomernise van die *Corona virus.*

**Stormers vs Jaguares**
In Kaapstad wen die Stormers 17-7 teen die Jaguares. Belaglik is die feit dat dit lyk of die Kapenaars wil kyk hoe min punte teen hulle op Nuweland opgesit word en vergeet in die proses om aanvallende *ruggas* te speel. *Coach* John Dobson is egter tevrede want sy span is nou die enigste onoorwonne span tot dusver.
Die Stormers speel volgende tuis teen die Blues met die Argentyne wat Pretoria toe reis om teen die Bulle te loop uitdraf.

**Bulle vs Blues**
Wyle Buurman van Zyl slaap definitief nie meer deur nie **ou grote**. Die Bulle behaal 'n voltal, vier uit vier, en verloor 23-21 teen die Blues op Loftus. Die handjievol Bul ondersteuners moes in gietende reën toekyk hoe hulle helde aan die verdrink is. Wat Pote en Kie na die game toe gaan bring teen die Jaguares sal net hulle weet. Hulle het dalk planne wat ons nie van weet nie.
Die Blues reis Kaapstad toe om teen die onoorwonne Stormers te gaan uitdraf.
**Nag ou grote.**

# IMPALA RUGBY TEAM EYES VICTORY

**Rustenburg –** Impala Rugby Club has moved on from their disappointing 43 – 8 loss to Leopards Rugby's President XV team on Saturday 22 February and are hoping to put up an improved performance in their upcoming match.
The Rustenburg-based team will be at Impala Rugby grounds on 29 February to take on Potchefstroom University and have been working hard during the week to rectify their mistakes and improve their approach.
The advantage of playing in front of their home supporters could count in their favour against a team that is also likely to be a difficult opponent to overcome.
In an interview with *Platinum Weekly*, Impala Rugby Club chairman Wynand Burger preferred to focus on the positive aspect of their loss in the previous game.
"We actually have a good team and the young players learnt a lot from that experience. We are playing at home against Potchefstroom and we urge all our supporters to come and rally behind us," Burger said.

# RHS PRESTEER PUIK TYDENS NWU NOORD WES A-BOND INTERHOËR

**Rustenburg -** Tydens die interhoër wat op Saterdag, 15 Februarie te Potchefstroom plaasgevind het, het Hoërskool Rustenburg fantasties presteer en eindig algeheel derde.
Hul haal ook die volgende prestasies:
- Seunspan eindig algeheel vierde.
- Dogterspan eindig algeheel derde.
- Liandri de Wet is aangewys as beste veldatleet.

Marné Botha is aangewys as junior Victrix Ludorem.
Hul talentvolle atlete breek ook 'n hele paar rekords
- Juanco van der Merwe- 100m
- Shareed Peterse- 1500m
- Juané Prinsloo - 400m hekkie
- Suné Botha - 400m hekkie
- Liandri de Wet – gewigstoot
- Liandri de Wet – diskus
- Finn-Lee Reyneke – diskus
- Riandré Botha – diskus
- Stephan van Niekerk – diskus
- Marguerite Raaths – diskus
- Storm Von Plaster - spiesgooi

Dit wil gedoen wees. Baie, baie geluk aan elke deelnemende atleet! Baie dankie ook aan elke ondersteuner wat die RHS-atlete aangemoedig het.



Van links: Shareed Peterse, Marguarite Raaths, Juané Prinsloo, Storm von Plaster, Liandri de Wet, Stephan van Niekerk, Juanco van der Merwe, Finn-Lee Reyneke, Riandré Botha, Suné Botha en Marné Botha.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Tjokker live | 28 Feb '20 | Rustenburg: Buffalo Grill | 076-756-910 | info@buffalogrill.co.za |
| Disco DJ | 28 Feb '20 | Rustenburg: Midnight @ Sportsbar | 076-500-5787 | midnight.sportbar@gmail.com |
| Tjokker Live | 28 Feb '20 | Rustenburg: Buffalo Grill | 076-756-910 | info@buffalogrill.co.za |
| Jan Rhaap Live | 28 Feb '20 | Rustenburg: 2 Riviere Pub and Grill | 076-299-7238 | vollensteecc@gmail.com |
| Leap Year Party | 29 Feb '20 | Rustenburg: Midnight @ Sportsbar | 076-500-5787 | midnight.sportbar@gmail.com |